JUBILEUM 2025

PELGRIMS VAN HOOP

AARTSBISDOM VAN KAAPSTAD



# 2025
# JUBILEUM GEBED

Hemelse Vader,
Mag die geloof in u Seun, Jesus Christus, ons broeder, wat u ons skenk, en die vlam van liefde wat deur die Heilige Gees in ons harte aangesteek is, nuwe hoop in die koms van u koninkryk in ons verwek.

Mag u genade ons verander in toegewyde kwekers van die saad van die Evangelie.
Mag daardie saad die mensdom en die hele skepping nuut vorm in die seker hoop op n nuwe hemele en n nuwe aarde waar alle boosheid vir ewig oorwin sal word en waar u glorie in alle ewigheid sal skyn.

Mag die genade van die Jubileum ons, Pelgrims van Hoop, laat smag na die hemelse skatte.
Mag daardie selfde genade die vreugde en vrede van ons Heiland oor die hele aarde heen versprei.
Glorie en lof aan u, ons ewig-geseende God,
vir ewig en altyd.
**Amen**.

Franciskus